# FEES VAN BASUINE

Die Fees van Basuine is vir my die vooruitskouing *(soos wanneer dit sal begin)* van al die Basuine, dit is 'n periode van tyd wat 'n beginpunt van die Einde voorstel. Dit gaan dus gepaard met die Dag van JaHUaH. Dan vloei die Fees van Basuine oor na die Groot Versoendag (At-one-ment) en dan volg die Fees van Tabernakels (Open. 21/22).

Daar was al verskeie sulke "dae" van JaHUaH, bv. toe Hy by die toring van Babel ingegryp het en hulle taal verwar het, of toe Hy met die Sondvloed die aarde skoon gewas het om 'n nuwe begin met Noag en sy gesin te maak.

Maar wat Israel betref is die oorsprong van die Dag van JaHUaH **die Eksodus uit Egipte uit** en die wonderbaarlike ingryping en bonatuurlike bevryding deur JaHUaH. Die basuine kom ons dan vir die eerste keer teë by Sinai, nà die Uittog uit Egipte. Die Basuin wat **al harder word** in Ex. 19 … vergelyk dit met die sewe opeenvolgende basuine van Openbaring? *(Sien: SHORT SUMMARY OF REVELATION IN CONNECTION WITH THE TRUMPET BLASTS)*

Met die sewende Basuin sal die Verborgenheid van die Evangelie (Ef. 6:19, Ef. 3:4) volbring wees (Open. 10:7, Open. 11:6 – 7, 15 – 19,). Daar is die laaste Basuin (1 Kor. 15:51 - 54, 1 Thess. 4:16 – 17, Jes. 24:1 tot Jes. 27:12 – 13) en dan volg die finale basuin met die Armageddon (Open. 16:16,) wanneer die finale Globale Oorlog tussen menslike regerings sal plaasvind wat die Verdrukking sal meebring en Menslike heerskappy tot 'n einde sal bring (Dan. 2:44, Heb. 11:16, 39).

Die laaste basuin het dus te doen met die Dag van JaHUaH, waarvan die Uittog uit Egipte vir ons die simbool is om op te werk. Dit het gepaard gegaan met die plae, met die bedreiging van 'n agtervolgende Farao, maar bowe al met die Paaslam wat geslag is se bloed wat hulle bewaar het van die Verderwer en JaHUaH wat Egipte *(wat 'n herstelde tipe Babilon was)* bonatuurlik in die stof laat byt het, maar vir Israel bevry het. JaHUaH het vir Israel gestry soos wat Hy gesê het (Ex. 14:14).

Deur Israel se geskiedenis heen het hulle altyd op hierdie dag gefokus, dit herdenk en besing (die Lied van Moses) en daarop gebid en gehoop, maar toe Israel so in afgodery verval het dat hulle self "*'n Babilon geword het*", het diè Dag tèèn hulle gewerk en nie vìr hulle nie, en is hulle na Babilon weggevoer. JaHUaH self het Babilon teen hulle gebruik soos wat Hyself eens die Egiptenare bestry het tydens hulle eksodus uit Egipteland uit.

So was daar dan al sulke "dae" van JaHUaH, totdat die laaste een sal aanbreek wanneer JaHUaH finaal sal klaarspeel met Babilon. Daarom moet ons uitkom uit enige "Babilon" (Open. 18:4), veral geestelik. Die Sekulêre Staat van Israel, fisiese Jerusalem en Tempel is o.a. die Egipte/Babilon van vandag (Open. 17).

> Open. 18:4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

Daar was 'n tyd dat fisiese Israel Babilon se plae ontvang het *(omdat hulle soos 'n Babilon geword het)* deurdat JaHUaH toegelaat het dat Babilon Israel oorwin en weggevoer het, maar daar kom ook die uiteindelike dag dat JaHUaH Hom op Babilon sal wreek (Open. 18/19), soos dit was met die Uittog uit Egipte.

Skrifgedeeltes soos Amos en Habakuk was profeties vir Israel voordat hulle weggevoer is na Babilon in Daniël se tyd, en is dan ook weer profeties vir ons eie eindtyd. Dis "dubbeld gelaag". Dit was JaHUaH se oordeel oor hulle omdat hulle soos Babilon geword het. In Joël lees ons van die Dal van Josafat. Josafat beteken "JaHUaH het geoordeel". Daar kom dus nog 'n oordeel.

Die Wêreld se politieke sisteme en geldsisteme (Die Dier) met die verskillende Godsdienste (die Vals Profeet) is die Egipte/Babilon van ons tyd waaruit ons verlossing verwag op die Dag van JaHUaH. Dit sal dan wees soos met destydse Israel wat vir ons 'n voorbeeld is (1 Kor. 10:6, 11 maar ook vanaf vers 1 tot 12).

> 1 Kor. 10:11 Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom **as voorbeelde** en **is opgeskrywe** as 'n **waarskuwing aan ons** op wie die **eindes van die eeue** gekom het.

Open. 15 met o.a. die "see van glas", toon vir ons die verband tussen die Uittog uit hierdie wêreld waarvan Egipte 'n tipe was, met die Paaslam JaHUsha.

> Open. 15:3 En hulle het die **lied gesing van Moses**, die dienskneg van Elohiem, en die **lied van die Lam**, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, JaHUaH Elohiem, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die afgesonderdes!

Die lied van Moses is in Ex. 15 nà die Uittog uit Egipte en die trek deur die Rooi See. Die lied van die Lam is in Open. 5. Dit word albei gesing. Dan sien Johannes wat verderaan gebeur …

> Open. 5:6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n **Lam asof Hy geslag** is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van Elohiem is wat uitgestuur is oor die hele aarde.
> Open. 5:7 Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;
> Open. 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die afgesonderdes is.
> Open. 5:9 Toe sing hulle 'n **nuwe lied** en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, **want U is geslag** en het ons vir Elohiem **met u bloed gekoop** uit elke stam en taal en volk en nasie,
> Open. 5:10 en het ons konings en priesters vir onse Elohiem gemaak, en ons sal as konings **op die aarde heers**.

"*Op die aarde heers*" … dit bring ons terug na die opdrag wat die eerste Adam en Eva gekry het (Gen. 1:28) en dit toe met die Sondeval in die hande van die "god" van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4) laat beland het, maar wat wel nou weer sal kan opereer onder die laaste Adam as "Seun van die Mens" (Heb. 2:5 – 9) nadat JaHUsha met die "kaper" daarvan (Satan) afgereken het soos wat JaHUaH met Farao afgereken het tydens die Uittog uit Egipte.

JaHUsha se dood aan die Folterpaal as Paaslam was "die **Dag van JaHUaH"** wat terug verwys het na die Eksodus uit Egipte.

> Luk 9:31 Hulle het in heerlikheid verskyn en van **Sy uitgang** gespreek wat Hy in **Jerusalem** sou volbring.

"Sy uitgang" is "Sy **eksodus**" *(Strong's G1841),* wat Hy in Jerusalem *(Jerusalem is* ***Egipte****, Open. 11:8 )* sou volbring. Dit is 'n vergelyking met "Die Dag van JaHUaH" toe Hy Israel uit Egipte verlos het. Daardie spesifieke dag vergelyk met die Folterdood wat JaHUsha in Jerusalem as Paaslam sou sterf, maar Hy het het die dood oorwin en opgestaan, net soos wat die Israeliete deur Rooi See getrek het sonder dat hulle verdrink het. Ook was hulle eersgeborenes bewaar van die dood met die paaslam se bloed wat hulle aan die deurkosyne gesmeer het wat die Verderwer laat verbygaan het.

Onthou dat Adam en Eva sou sterf as hulle van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet. Dis daardie dood wat JaHUsha moes sterf en oorwin op die folterpaal (1 Kor. 15:26). Watter fenominale Dag van JaHUaH se oorwinning is dit nie! Die Dag van JaHUaH was toe die einde van daardie era, maar Sy oorwinning oor die dood het vorentoe gewys na die einde van **ons era** se **Dag van JaHUaH** *(vgl. Jes. 63 en Open. 19).*

As Geslagte Paaslam (Sy kleed is in bloed gedoop) het Hy die dood oorwin en kom Hy op daardie manier weer terug om die Dag van JaHUaH te voltooi want **uit Sy mond** kom die **oordeel** *(JaHUaH oordeel/ Josafat)* waaroor die Dag van JaHUaH gaan, as 'n swaard.

> Open. 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en **Hy oordeel** en voer oorlog in geregtigheid.
> Open. 19:12 En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
> Open. 19:13 En Hy was bekleed met 'n kleed **wat in bloed gedoop was**, en sy Naam is: Die Woord van Elohiem.
> Open. 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.
> Open. 19:15 En **uit sy mond** gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf **regeer**, en Hy trap die parskuip van die wyn van die **grimmigheid** en van die **toorn van Elohiem**, die Almagtige.
> Open. 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Meester van die meesters.

Dis uit Sy mond uit want dit opereer op die **Woord van Elohiem**, soos Israel dit as voorbeeld vir ons beleef het en soos wat die profete dit geprofeteer het, waarvan JaHUaH aan Moses gesê het dat nà Moses kom daar 'n Profeet wat soos Moses 'n Middelaar tussen JaHUaH en die volk sal wees en na Hóm moet daar geluister word (Deut. 18:15 - 19).

> Deut. 18:15 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek *(Moses)* is, sal JaHUaH jou Elohiem vir jou verwek; na Hom moet julle luister—
> Deut. 18:16 net soos jy van JaHUaH jou Elohiem by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die stem van JaHUaH my Elohiem nie langer hoor en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek.
> Deut. 18:17 Toe het JaHUaH vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het.
> Deut. 18:18 'n **Profeet sal Ek vir hulle verwek** uit die midde van hulle broers, soos jy is *(Moses )* en **Ek sal My woorde in Sy mond lê**, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.
> Deut. 18:19 En die man **wat nie luister na My woorde wat Hy in my Naam spreek nie**, van hom **sal Ek self rekenskap afeis**.

Dit was JaHUsha na wie verwys is. Hy het self gesê ...

Joh. 12:47  En as iemand na My woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.
Joh. 12:48  Wie My verwerp en My woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.**
Joh. 12:49  Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar **die Vader wat My gestuur het**, Hy het My 'n gebod gegee **wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek**.
Joh. 12:50  En Ek weet dat Sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—**net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek**.

Ons kan basies die oorwinning op die Folterpaal oor die bose **Fase 1** noem van die Dag van JaHUaH (Fil. 2:6 – 11, Ef. 1:20 – 23, Kol. 2:15) en die gebeure in Openbaring**, Fase 2** (veral Open. 18 - 19).

Dit behels JaHUsha se eerste en tweede koms.  Eers het Sy woord gekom as die "Herder se staf" om mense na die ewige lewe te lei, maar as Hy weer kom is Sy woorde 'n "ysterstaf" van oordeel oor die wat hulle nie laat lei het deur Sy woorde nie.

Hierdie video van The Bible Project oor die Dag van JaHUaH vat alles kortliks saam ...

- THE DAY OF YHWH

Hier is nog ander skakels i.v.m. die Fees van die Basuine …

- DIE KONFLIK VAN DIE EEUE
- FEAST OF TABERNACLES   p. 23

## SKRIFTE VAN BELANG

Ex. 14 – 15 (Uittog uit Egipte, trek deur die Rooi See en die Lied van Moses)
Ex. 19:13, 16 -20  (Die Berg, die Basuin en die Aarde wat bewe)
Matt. 24:30 – 31 (Basuin), Matt. 27:51 – 52 (Toe het die Aarde ook gebewe)
1 Thess. 4:14 – 17 (Basuin)
Heb. 12:18 -19, 20 – 29 (Die Berg, die Basuin en die Hemel en die Aarde bewe)

Open. 5 (Alles neem 'n aanvang)
Open. 6 (1e seël ... )
Open. 8:1 -2 (7e seël, 7 basuine)
Open. 10:7, 8 – 11 (Verborghenheid is volbring,)
Open. 11:6 – 7, 13 – 19, Open. 12
Luk. 21:25 – 28 (Open. 14:14 – 20) en Luk. 21:27 – 36 (Open. 6:17, Open. 7, 14)

1 Kor. 15, veral 1 Kor. 15:21 – 28  (en ook verse 24, 27) **en** verse 51 – 54 (laaste basuin)
2 Kor. 5:1 - 10

Die 7e Basuin (Open. 11: 15 – 19) sluit alles in tot die einde van hoofstuk 19 en die 7e seël sluit die 7 basuine in wat ook die 7 skale insluit. Almal eindig met "*stemme, donder, weerlig en aarbewing*". Dit is soos hierdie Russiese poppies waar die een binne-in die ander een is.

Die laaste Basuin is die Armagèddon (Open. 16:16).
Jes. 24:1 tot en met Jes. 27:12 – 13 (vers 13: Groot Basuin)

Jes. 63 ... Open. 19

Dan. 2:44 (koninkryk kom)
Jes. 9:5 … Dan. 7:9 – 14 (Seun van die Mens/Adam neem heerskappy)

Heb. 11:16, 39 – 40 ... Open. 21 - 22

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2019